



**Beskerming en bevordering  
van inheemse volke se regte in  
akademiese navorsingsprosesse**

# **'N GIDS VIR GEMEENSKAPPE IN SUID-AFRIKA**

# BEDANKINGS

Ons wil graag ons dankbaarheid uitspreek teenoor die Nama-gemeenskap in Khuboes en die Griekwa-gemeenskap in Vredendal wat aan ’n navorsingsprojek deelgeneem en hul ervarings met ons gedeel het. Ons bedank mnr. Gert Links, voorsitter van die Richtersveld Tradisionele Nama-raad, en mnr. Cecil Le Fleur, voorsitter van die Griekwa Nasionale Kongres van Suid-Afrika, vir hul ondersteuning en insigryke kommentaar. Dankbaarheid word ook uitgespreek teenoor mnr. Petrus Vaalbooi, mnr. Ivan Vaalbooi en mnr. Hendrik Vaalbooi, wat aan die “kontrakterende geregtigheidswerkwinkel” in 2017 deelgeneem en waardevolle insette gelewer het. Me. Susanna Chung word ook vir haar bydraes bedank. Hierdie gids betuig ook dank vir die konsepbeleid oor etiek in navorsing oor inheemse kennisstelsels (2005), wat deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie onderskryf word en ons denke oor hierdie kwessie gevorm het.

Die finansiering vir hierdie werk is voorsien deur die Netwerk vir Oop en Samewerkende Wetenskap in Ontwikkeling (OCSDNet)-navorsingsprojek, gesteun deur Kanada se Internasionale Ontwikkelingsnavorsingsentrum en die Britse regering se departement van internasionale ontwikkeling. Vind meer uit by [www.ocsdnet.org](http://www.ocsdnet.org). Ons is ook dankbaar teenoor die Heinrich Böll Stiftung Suider-Afrika, en die Oop Samelewing-inisiatief vir Suider-Afrika vir ondersteuning.



**Skrywers:**

Cath Traynor, Yvonne A. Kisuule, Gerren de Wet, Reino Le Fleur, Tobias Schonwetter, Laura Foster en Andrew Williamson.

**Gepubliseer:**

Februarie 2018

**Uitgegee deur:**

Natural Justice, Houtstraat 63, Mercantile-gebou, Kaapstad 8000, Suid-Afrika.  
Tel.: +27 21 426 1633.

**Ons verwelkom terugvoering:**

E-pos kommentaar aan [info@naturaljustice.org](mailto:info@naturaljustice.org)

**Kopiereg**

**Foto’s:**

Fotograaf-erkenning:  
Damien Schumann Fotografie:  
Kopiereg Richtersveld Tradisionele Namaraad.

Hierdie werk is gelisensieer ingevolge die Creative Commons Attribution-NonCommercial-NoDerivatives 4.0 Internasionale Lisensie. Besoek <http://creativecommons.org/licenses/by-nc-nd/4.0/> om ’n afdruk van hierdie lisensie te sien, of stuur ’n brief aan Creative Commons, PO Box 1866, Mountain View, CA 94042, USA.



# AFKORTINGS

|                |                                                                                                  |
|----------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------|
| DTV            | Deel van toegang en voordele                                                                     |
| DWT            | Departement van Wetenskap en Tegnologie                                                          |
| IER’e          | Intellektuele eiendomsregte                                                                      |
| IK             | Inheemse kennis                                                                                  |
| IK-wetsontwerp | Wetsontwerp op die Beskerming, Bevordering, Ontwikkeling en Bestuur van Inheemse Kennis van 2016 |
| KBD            | Konvensie oor Biologiese Diversiteit                                                             |
| NEK            | Navorsingsetiekkomitee (universiteite)                                                           |
| NKIK           | Nasionale kantoor vir inheemse kennisstelsels                                                    |
| NRP            | Nasionale Raad van Provinsies                                                                    |
| NRS            | Nasionale rekordstelsel                                                                          |
| RGN            | Raad op Geesteswetenskaplike Navorsing                                                           |
| SASI           | Suid-Afrikaanse San-instituut                                                                    |
| VNKKV          | Verenigde Nasies se konvensie oor klimaatsverandering                                            |
| VNVRIV         | Verenigde Nasies se verklaring oor die regte van inheemse volke                                  |
| VVIT           | Vrye, voorafgaande en ingeligte toestemming                                                      |
| WHO            | Wêreldhandelsorganisasie                                                                         |
| WNOBB          | Wet op Nasionale Omgewingsbestuur van Biodiversiteit                                             |
| WOIE           | Wêreldorganisasie vir Intellektuele Eiendom                                                      |





# DEFINISIES



**Handelsmerk** verwys na wetlik beskermde merke en tekens wat die goedere of dienste van 'n individu of maatskappy kan onderskei van dié van 'n ander individu of maatskappy.

**Inheemse kennis (IK)** verwys na plaaslike kennis wat uniek is aan 'n kultuur of samelewing. IK is oor geslagte deurgegee deur storievertelling, plegtighede en vakleerlingskappe. Hierdie kennis is onmisbaar sodat gemeenskappe kan floreer deur die aanmoediging van die kennis en praktyke om op en van die grond te leef, genesing en natuurlike medisyne, landbou, kosbereiding, opvoeding en die ontwikkeling van rentmeesterskap.

**Intellektuele eiendom** verwys na ontdekkings, kreatiewe werke, ontwerpe, simbole, literêre en artistieke werke en ander geesteskeppings.

**Intellektuele eiendomsregte (IER'e)** verwys na die regte wat aan skeppers of eienaars van intellektuele eiendom toegeken word.

**Kopiereg** verwys na die eksklusiewe ekonomiese en morele regte wat skeppers tipies op hul literêre en artistieke werke het, waaronder die eksklusiewe regte om hierdie werke te kopieer, te publiseer en aan te pas. In Suid-Afrika sluit werke wat deur kopiereg beskerm word literêre werke, musiek, artistieke werke, rolprente, rekenaarprogramme en gepubliseerde uitgawes in.

**Navorsingsetiekkomitees** behels verteenwoordigers van instellings wat 'n sentrale rol speel in die goedkeuring van navorsing wat binne of namens die instelling onderneem word, en wat verseker dat dit aan etiese standaarde voldoen.

**Openbare domein** verwys na werke wat nie of nie meer beskerm word deur wetgewing op intellektuele eiendom soos kopiereg en patente- en handelsmerkwetgewing nie en daarom vrylik deur enigiemand gebruik mag word sonder dat verlof verkry word.

**Patent** verwys na die eksklusiewe regte wat deur nasionale wetgewing aan die uitvinder vir 'n uitvinding toegeken word, waaronder die reg om te besluit of en hoe die uitvinding deur andere gebruik kan word.

**Voorafgaande kennis** is 'n uitdrukking wat tipies in die konteks van patentwetgewing gebruik word. Dit verwys na enige getuienis dat 'n uitvinding reeds bekend is en daarom nie voldoen aan die patentvereiste van nuwigheid nie.



# INHOUDSOPGAWE

|                                                                                    |    |
|------------------------------------------------------------------------------------|----|
| AGTERGROND                                                                         | 6  |
| INLEIDING                                                                          | 6  |
| WÊRELDKONTEKS                                                                      | 7  |
| Diverse gemeenskappe – gedeelde bekommernisse                                      | 7  |
| Eerste Nasies, Kanada                                                              | 7  |
| Aborigines en Torresstraat-eilandbewoners, Australië                               | 8  |
| WETLIKE INSTRUMENTE                                                                | 9  |
| Internasionale instrumente                                                         | 9  |
| Nasionale raamwerk in Suid-Afrika                                                  | 10 |
| How Will the IK Bill Work in Practice?                                             | 12 |
| INHEEMSE VOLKE SE REGTE IN DIE KONTEKS VAN AKADEMIESE NAVORSING                    | 14 |
| Verenigde Nasies se verklaring oor die regte van inheemse volke                    | 14 |
| Vrye, voorafgaande en ingeligte toestemming                                        | 15 |
| Inheemse volke se intellektuele eiendomsregte                                      | 15 |
| Sommige regte wat inheemse volke in die konteks van akademiese navorsing kan benut | 16 |
| AKADEMIESE NAVORSINGSPROSESSE                                                      | 17 |
| Navorsingsetiek                                                                    | 17 |
| Vereistes vir navorsingsetiek van universiteite                                    | 17 |
| ASSESSERING VAN MOONTLIKE RISIKO'S EN VOORDELE VAN NAVORSING                       | 18 |
| Moontlike risiko's vir die gemeenskap                                              | 18 |
| Moontlike voordele vir die gemeenskap                                              | 19 |
| BEDINGING VAN MAATSKAPLIK REGVERDIGE NAVORSINGSPROSESSE                            | 20 |
| Etiese riglyne vir navorsing                                                       | 20 |
| Gemeenskapsprotokols                                                               | 20 |
| Gemeenskapsnavorsingkontrakte                                                      | 20 |
| Monitering van navorsingsprosesse en opparing van bekommernisse                    | 21 |
| OPSOMMING                                                                          | 21 |
| BRONNE                                                                             | 22 |







## AGTERGROND



**H**ierdie gids het ontstaan uit 'n gesamentlike navorsingsprojek wat klimaatsverandering ondersoek het, asook die rol van inheemse volke se kennis wat gemeenskappe help om by klimaatsverandering aan te pas. Die projek het lede van inheemse Nama- en Griekwa-gemeenskappe in Suid-Afrika betrek (gemeenskapsleiers, oudstes, die jeug en medenavorsers) en navorsers van Natural Justice, die Universiteit van Kaapstad, en die Indiana Universiteit-Bloomington (VSA). In ons gesprekke het sommige Namas en Griekwas bekommernisse geopper oor navorsingsprosesse in die algemeen. As kundige gesaghebbendes van hoe navorsing en kennis histories deur die betrokkenheid van inheemse volke saamgestel is, het hulle die inherente konflikte uitgespreek wat ontstaan uit deelname aan navorsing wat ontwerp is en gelei word deur mense van buite

hul gemeenskap. Sommige Namas en Griekwas het opgelet dat hoewel hul gemeenskappe 'n kultuur van deel het, hulle huiwerig was om hul kennis met navorsers te deel weens die risiko's wat betrokke is. Dit kan behels dat beheer verloor word oor hoe hul kennis gebruik sou word en hoe hul gemeenskappe uitgebeeld sou word. Voorts het hulle bekommernis uitgespreek dat hul bydraes tot navorsing in die verlede nie erken is deur navorsers nie, wat hulle nie bevoordeel het nie en min gedoen het om vertroue te vestig. Ondanks hierdie bekommernisse en vroeë ervarings met navorsers het verskeie Namas en Griekwas gesê hulle wou nie eksterne navorsers heeltemal uitsluit nie. Hulle wou eerder billiker en maatskaplik geregverdigde prosesse ontwikkel sodat hulle volgens hul eie voorwaardes by voornemende navorsers betrokke kon raak.

## INLEIDING



**H**ierdie gids wil sommige van die kernbekommernisse en gesaghebbende insigte aanroer wat Nama- en Griekwa-lede geopper het in verband met navorsingsprojekte en -prosesse wat eksterne ontwikkel is. Dit voorsien ook bykomende inligting aangaande wetten en beleide wat akademiese navorsing bestuur. Die fokus hier is op akademiese navorsing wat met inheemse volke gedoen is en daarom hul inheemse kennis (IK)<sup>1</sup> insluit.

Die gids begin met 'n ondersoek van die breër konteks van inheemse volke en navorsing, en deel hoe inheemse gemeenskappe in verskillende dele van die wêreld hul eie protokols en riglyne ontwikkel het om wat hulle as problematiese navorsingsprosesse beskou aan te spreek. Dan verskuif die fokus na Suid-Afrika. Die gids som dan relevante internasionale en nasionale wetten en beleide op, verduidelik hoe sulke wetten verband hou met inheemse volke se regte, en ondersoek hoe hierdie wetten ingespan kan word deur inheemse volke en/of plaaslike gemeenskappe.

Die gids gaan voort met die klem op die ondersoek van navorsingsprosesse uit 'n perspektief van inheemse regte, en oorweeg dan akademiese

universiteite en hul institusionele beleide vir die doen van etiese navorsing en werk met menslike proefpersone. Dit stel 'n verskeidenheid instrumente bekend wat gemeenskappe sou kon gebruik in die aanspreking van sommige van die tekortkomings in huidige akademiese navorsingsprosesse en -prosedures. Laastens stel dit 'n paar praktiese stappe voor wat gedoen sou kon word wanneer met eksterne navorsers betrokke geraak word.

Hierdie gids is 'n algemene en kort inleiding tot die sensitiewe en ingewikkelde kwessie van navorsing met inheemse gemeenskappe. Dit is bedoel om bykomende inligting aan inheemse volke en/of plaaslike gemeenskappe te voorsien wat oorweeg hoe hulle betrokke kan raak (of nie) by eksterne navorsers, en hoe hulle kan begin om voordelige navorsingsprosesse te beding wat die beskerming van hul regte en inheemse kennis verseker. Elke gemeenskap is uniek en elke navorsingsproses verskil. Daarom word gemeenskappe aangemoedig om kreatief te wees, om hul eie waardes en behoeftes ten opsigte van navorsing gesamentlik te identifiseer, en om waar nodig onpartydige regshulp te soek waar hulle voel hul regte moontlik deur skending bedreig word.

<sup>1</sup> Navorsing wat uitdruklik vir kommersiële doeleindes gedoen is, word nie in hierdie gids behandel nie.



# WÊRELDKONTEKS



## Diverse gemeenskappe – gedeelde bekommernisse

Die bekommernisse aangaande navorsingsprosesse wat deur die Namas en Griekwas geopper is, is soortgelyk aan dié wat baie inheemse gemeenskappe wêreldwyd uitgespreek het. Soos wat ons hieronder bekend maak, sluit dit die Eerste Nasies-gemeenskappe in Kanada tot Aborigines en Torresstraat-eilandbewoners in Australië in.

### Eerste Nasies, Kanada

Eerste Nasies-mense<sup>2</sup> in Kanada het toenemende bekommernisse aangaande akademiese navorsing uitgespreek en die aandag gevestig op hoe navorsers in die verlede en vandag steeds oneerbiedwaardige en etnosentriese voorstellings van inheemse volke gepubliseer het, wat hul pogings tot selfbeskikking en soewereiniteit bedreig. Die Tl'azt'en-nasie van Brits-Columbië het byvoorbeeld bekommernisse geopper oor navorsing wat buite hul gemeenskap ontstaan het en gedoen is deur nie-inheemse mense sonder geleenthede om waninligting reg te stel of om skadelike interpretasies uit te daag. Insgelyks het die Nuu-chah-nulth die mag ingesien wat navorsers het om inligting in te samel en betekenis te skep wat teen inheemse volke se belange gebruik kan word. Die Sesde Nasies-raad in die Ontario-provinsie het navorsing erken as 'n onderneming wat hul mense, kultuur en die manier waarop hul mense deur die wêreld daar buite waargeneem word, kan raak.

Eerste Nasies-mense het verskillende strategieë gebruik om sommige van die negatiewe uitwerkings van navorsing aan te spreek. Die Nuu-chah-nulth-mense het byvoorbeeld 'n protokol en beginsels saamgestel vir diegene wat navorsing binne hul gemeenskap wil doen. Hierdie beginsels sluit in etiek (respek vir lede van die gemeenskap), outonomie, beskerming en die vereiste dat die navorsing die gemeenskap moet bevoordeel. Die Gwich'in Nasie-mense het daarop aangedring dat navorsers verloop van die gemeenskap kry en 'n lisensiëringsooreenkoms onderteken voordat enige navorsing kan plaasvind. En die Ses Nasies-raad het hul eie etiekbeleid en 'n protokol vir 'n navorsingsetiekkomitee saamgestel. Die Vergadering van Eerste Nasies, 'n nasionale voorspraak-organisasie wat Eerste Nasie-burgers in Kanada verteenwoordig, het die uitdagings beklemtoon van wanneer nie-Eerste Nasie-mense probeer om IK te gebruik vanweë fundamenteel verskillende wêreldbeskouings. Hulle het beklemtoon dat navorsers moontlik nie tradisionele wetgewing en protokols sal nakom

wanneer hulle toegang tot die kennis kry, dit gebruik en interpreteer nie. Om sulke probleme aan te spreek, het hulle 'n "Etiek in Eerste Nasies-navorsing"-dokument opgestel, wat instrumente ontwikkel om etiese navorsing moontlik te maak, wat protokols en ooreenkomste insluit. Hulle het tot die gevolgtrekking gekom dat dit 'n voortdurende groot uitdaging was om te verseker dat intellektuele eiendomsregte gerespekteer word. Eerste Nasies-groepe en -organisasies het daarom baie van hul eie riglyne en praktyke vir etiese navorsing opgestel.

### Aborigines en Torresstraat-eilandbewoners, Australië

Die Aborigines en Torresstraat-eilandbewoners is twee groeperings inheemse volke in Australië. Hulle het albei waardevolle insigte in die wanaanwending van inheemse volke se intellektuele eiendomsregte opgelewer. Hulle het kritiese aandag gevestig op hoe navorsers hul kuns, tradisionele kennis en biologiese hulpbronne (waaronder genetiese materiaal) gevat het, en in sommige gevalle intellektuele eiendomsregte daarop verkry het sonder erkenning en sonder dat voordele aan die Aborigines en Torresstraat-eilandbewoners gegee is. Om hierdie praktyke teen te werk, het die Aborigines en Torresstraat-eilandbewoners hul gewoontereg gebruik om toegang tot en die gebruik van hul kennis en hulpbronne te beskerm. Hulle het van navorsers verwag om eers toestemming van oudstes te kry voor enige navorsingsaktiwiteite.

Hierdie gevalle illustreer dat inheemse volke wêreldwyd jare lank gesaghebbende bekommernisse aangaande navorsingsprosesse geopper het, en dat hulle innoverende strategieë gebruik in ooreenstemming met hul kulture en plaaslike omstandighede om hul regte te laat geld en hul erfenis te beskerm. Soos wat ons in die volgende afdeling sal sien, bestaan daar ander wetlike instrumente wat gemeenskappe kan inspan om hul kennis te beskerm en hul belange te bevorder.

<sup>2</sup> Eerste Nasies is 'n groepering van inheemse volke in Kanada, wat Nuu-chah-nulth en Tl'azt'en insluit.



# WETLIKE INSTRUMENTE

Internasionaal en nasionaal het regerings en belanghebbendes geworstel oor hoe om inheemse kennis en praktyke ten beste te beskerm. In hierdie afdeling word kern- internasionale wetlike instrumente en nasionale wette en beleide opgesom.

## Internasionale instrumente

Die internasionale gemeenskap erken die noodsaak om inheemse volke se kennis en praktyke te beskerm. As gevolg hiervan word kwessies aangaande inheemse volke se kennis nou bespreek in hoëvlak- internasionale forums soos die Wêreld- Intellektuele Eiendomsorganisasie (WIEO), die Wêreldhandelsorganisasie (WHO), die Konvensie oor Biologiese Diversiteit (KBD) en die Verenigde Nasies se Raamwerkkonvensie oor Klimaatverandering (VNRKKV). Inheemse volke se deelname aan en invloed oor hierdie prosesse is egter beperk, en daarom sal die uitkomst moontlik nie altyd hul beste belange weerspieël nie.

In dié stadium bestaan verskillende internasionale instrumente wat inheemse volke se kennis uit verskillende hoeke aanspreek. Een hiervan is byvoorbeeld die Verenigde Nasies se Verklaring oor die Regte van Inheemse volke (VNVRIV) van 2007. Die VNVRIV is belangrik omdat dit voorsiening tref vir die beskerming van talryke regte van inheemse volke. Hierdie regte sluit in onder meer die reg op hul grond en natuurlike hulpbronne. 'n Tweede kern- internasionale instrument is die Konvensie oor Biologiese Diversiteit (KBD) en gekoppel daaraan die Nagoya-protokol oor toegang tot genetiese bronne en die billike en onpartydige deel van voordele wat uit die gebruik daarvan spruit. Die KBD het drie hoofdoelwitte: die bewaring van biologiese diversiteit, die volhoubare gebruik van die samestellende dele daarvan, en die billike en regverdige deel van die voordele van genetiese hulpbronne. Die Parys-ooreenkoms van die Verenigde Nasies se Raamwerkkonvensie oor Klimaatverandering (VNRKKV) stel dit in die inleiding daarvan dat partye, wanneer hulle oor klimaatverandering optree, hul onderskeie verpligtinge ten opsigte van menseregte en die regte van inheemse volke behoort te respekteer en bevorder.<sup>3</sup> Voorts stel

die hoofteks dit dat klimaatveranderingsoptrede soos toepaslik deur IK gerig moet word. Onlangs is die "platform vir plaaslike gemeenskappe en inheemse volke" tot stand gebring om die kennis van inheemse volke te verstewig in die takeling van klimaatverandering, en om betrokkenheid deur die gemeenskap te verbeter. Die VNVRIV, KBD en VNRKKV is deurslaggewend omdat dit algemene beginsels gestel het wat interaksies tussen inheemse volke, plaaslike gemeenskappe en ander partye moet rig wat plaaslike kennis en/of hulpbronne van inheemse volke wil gebruik. Die VNVRIV en KBD beklemtoon byvoorbeeld albei die beginsels van die vereiste vir vrye, voorafgaande en ingeligte toestemming (VVIT) van kennishouers en die beginsel van die deel van toegang en voordele (DTV). Inheemse volke en/of plaaslike gemeenskappe kan hierdie beginsels gebruik om hul eie riglyne op te stel om betrokke te raak by partye soos akademiese navorsers wat graag toegang tot hul kennis of hulpbronne wil verkry.



Foto: Mnr. Willem Hans

<sup>3</sup> Parys-ooreenkoms, (Parys, 12 Desember 2015, geld vanaf 4 November 2016), VNRKKV.





## Nasionale raamwerk in Suid-Afrika

**S**uid-Afrika is 'n ondertekenaar van die VNVRIV en het die KBD, VNRKKV en Parys-ooreenkoms onderteken en bekragtig. Daarom het hulle internasionale verpligtinge om hierdie instrumente te respekteer deur byvoorbeeld hierdie internasionale norme/verpligtinge in hul nasionale wetgewing op te neem. In Suid-Afrika bestaan talryke wette (en beleide) wat met inheemse kennis handel. Sover dit die algemene beskerming en kommersialisering van inheemse kennis aangaan, word 'n debat tans gevoer oor of sulke kennis ten beste beskerm word as 'n soort intellektuele eiendom, of as 'n afsonderlike vorm van beskerming (dit wil sê 'n unieke stelsel).

Die beleid oor inheemse kennisstelsels is in 2004 aanvaar, en dit was die land se eerste poging om inheemse kennis te erken en beskerm. Dit maak voorsiening vir die erkenning, bevestiging, ontwikkeling en bevordering van inheemse kennis in Suid-Afrika.

Onder aanvoering van die Departement van Handel en Nywerheid is die Wysigingswet op Intellektuele Eiendomswetgewing van 2013 as wet bekragtig.<sup>4</sup> Hierdie stuk wetgewing bemagtig 'n inheemse gemeenskap om hul inheemse kennis te beskerm ingevolge "konvensionele" vorms van intellektuele

eiendom, naamlik deur patente, kopiereg en handelsmerke. 'n Patent kan byvoorbeeld gebruik word om inheemse medisinale kennis te beskerm, terwyl kopiereg gebruik kan word om inheemse kulturele uitdrukkings te beskerm. Handelsmerke kan gebruik word om inheemse tekens soos stammerke of tatoeërings en/of inheemse name te beskerm. Hierdie benadering is egter as onvanpas gekritiseer deur kundiges op die gebied, hoofsaaklik vanweë die unieke aard en kenmerke van inheemse kennis. Onversoenbaarhede ontstaan tussen inheemse kennis en die konvensionele vorms van intellektuele eiendom omdat inheemse kennis nie altyd in staat is om die streng beskermingvereistes na te kom wat deur die verskillende intellektuele eiendomswetgewing gestel word nie. Dit lyk ook alte ingewikkeld om sommige van die kernkonsepte van bestaande intellektuele eiendomswetgewing – soos die nuwigheid- en wesenlike vormvereistes in patente- en kopieregwetgewing onderskeidelik, die beperkte duur van beskerming en die voorkeur aan individuele outeurskap of klein groepe outeurs of uitvinders – by die unieke eienskappe van inheemse kennis aan te pas.

Dit is teen hierdie agtergrond dat 'n ander Suid-Afrikaanse regeringsdepartement – die

Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT) – vervolgens 'n ietwat teenstrydige konsepstuk wetgewing voorgelê het met die doel om inheemse kennis op 'n ander manier te beskerm, afsonderlik van handelsmerke, patente en kopiereg: die Wetsontwerp op die Beskerming, Bevordering, Ontwikkeling en Bestuur van Inheemse Kennis van 2016 (IK-wetsontwerp).<sup>5</sup> Hierdie wetsontwerp maak voorsiening vir 'n alternatiewe stelsel om IK te beskerm, wat opname en aantekening insluit, asook unieke beskerming wat daarop gemik is om 'n spesiale soort IV-beskerming te skep, wat sowel die morele as ekonomiese regte van kennishouers in berekening bring, en die eienaardighede van IK. Hierdie beskerming wil ook voorsiening maak vir gesamentlike eienaarskap, en die term beskerming sal vir ewig duur – vir solank as wat die kennis aan die toelaatbaarheidskriteria voldoen.

Sedert die IK-wetsontwerp die eerste keer voorgelê is, was daar verskillende geleenthede vir openbare deelname tydens die wetsontwerp se ontwikkeling. In die proses is 'n paar bekommernisse aangaande die wetsontwerp geopper en hoe dit in die praktyk sal werk (sien die volgende afdeling). Bekommernisse het die volgende ingesluit:

- Die wetsontwerp kan konflik skep tussen verskillende inheemse gemeenskappe;

- Die wetsontwerp kan kommersialisering van IK bevorder;
- Die wetsontwerp maak vir min toesig van "trustees" voorsiening;
- Die Nasionale Rekordstelsel is nie die regte platform om IK aan te teken, beskerm en bestuur nie;
- Volcome sekerheid van die databasis kan nie verseker word nie;
- Daar is beperkte inheemse verteenwoordiging in die NKIK-adviespaneel; en
- Sommige inheemse gemeenskappe is wantrouig om hul IK aan die regering toe te vertrou.

Duidelikheid moet nog verkry word oor watter van die twee wetgewende benaderings op die ou end sal seëvier, en of hulle kan saambestaan en gekombineer kan word. Die huidige weergawe van die DWT-IK-wetsontwerp<sup>6</sup> suggereer blykbaar 'n ondergeskikte rol vir die IK-wetsontwerp met betrekking tot ander IV-wette, waaronder die Wysigingswet op Intellektuele Eiendomswetgewing van 2013.<sup>7</sup> Alternatiewelik kan inheemse kennishouers self kies tussen die verskillende opsies vir beskerming soos wat die twee stukke wetgewing voorsien.

<sup>4</sup> Hierdie wet sal eers in werking tree op 'n datum wat die President volgens proklamasie sal bepaal.

<sup>5</sup> 'n Eerste weergawe van die wetsontwerp is in 2015 voorgelê, 'n hersiene wetsontwerp is in 2016 voorgelê, en weergawe B6B-2016 is op 14 November 2017 deur die Parlement aanvaar. Daarna is die wetsontwerp na die Nasionale Raad van Provinsies vir instemming gestuur, en die finale stadium sal ondertekening deur die President wees.

<sup>6</sup> Wetsontwerp weergawe (10.10.2016) is beskikbaar by: <http://pmg-assets.s3.amazonaws.com/B6B-2016.pdf>

<sup>7</sup> Volgens s32(1) van die jongste weergawe van die Wetsontwerp op Inheemse Kennis: "Hierdie wet wysig of doen nie afbreuk aan enige reg ten opsigte van enige statuut of die gemene reg nie."



## Hoe sal die IK-wetsontwerp in die praktyk werk?

Een van die kernelemente van die IK-wetsontwerp is dat dit daarop gemik is om 'n kantoor, die nasionale kantoor vir inheemse kennisstelsels (NKIK), tot stand te bring, wat in beheer sal wees van die bestuur van die regte van inheemse kennishouers, en wat inheemse gemeenskappe sal opvoed en bemagtig om hul inheemse kennis te identifiseer en gebruik. In 2013 het die DWT ook die nasionale rekordstelsel (NRS) van stapel gestuur. Dit is daarop gemik om inheemse kennis te beskerm, bewaar en bevorder deur die dokumentering daarvan. In hierdie afdeling ondersoek ons wat dit in die praktyk vir gemeenskappe sal beteken.

### Hoe kan IK-houers verseker dat hul kennis beskerm word?

As die IK-wetsontwerp as wetgewing aanvaar word, kan slegs die IK beskerm word wat ingevolge die wet geregistreer word. As inheemse volke en plaaslike gemeenskappe dus wil verseker dat hul IK ingevolge die IK-wetsontwerp beskerm word, sal hulle hul IK moet aanteken en registreer **voordat** hulle dit met enigiemand, insluitende navorsers,


deel. Die IK-wetsontwerp tref geen voorsiening vir beskerming van IK wat reeds in die openbaar gedeel is nie. Indien 'n IK-houer tevore hul IK gedeel het en dit toeganklik is vir die publiek (byvoorbeeld in navorsingspublikasies, tydskrifte, op die internet, TV, koerante of algemeen bekend is), kan dit nie ingevolge die IK-wetsontwerp geregistreer of beskerm word nie.

### Hoe sal IK aangeteken word?

Provinsiale dokumentasiesentrums sal "IK-optekenaars" van die gemeenskap oplei, wat verantwoordelik sal wees vir die optekening van IK-houers se kennis. Hierdie rekords sal aan die provinsiale dokumentasiesentrum oorgedra word, waar dit nagegaan sal word. Hierdie rekords sal dan aan die nasionale rekordstelsel (NRS) se kuberstruktuur oorgedra word, waar dit veilig bewaar sal word.

### Gemeenskaptrustees sal om IK-registrasiesertifikate kan aansoek doen

Die trustee<sup>8</sup> van 'n gemeenskap kan by die NIKS aansoek doen om IK te laat registreer. As die aansoek aan die kriteria voldoen, dan sal die NIKS-registrateur die aansoek goedkeur en 'n sertifikaat van registrasie uitreik.



<sup>8</sup> Inheemse gemeenskappe sal 'n persoon afvaardig om hul trustee te wees. Hy/sy sal IK namens die gemeenskap in trust hou en verantwoordelik en verantwoordbaar wees teenoor die gemeenskap vir die beskerming van hul regte ten opsigte van IK.



# INHEEMSE VOLKE SE REGTE IN DIE KONTEKS VAN AKADEMIESE NAVORSING

In hierdie afdeling ondersoek ons hoe sommige kern- wetlike instrumente die regte van inheemse gemeenskappe binne die konteks van betrokkenheid by akademiese navorsingsprosesse ondersteun.

## Verenigde Nasies se verklaring oor die regte van inheemse volke

**U**it hul historiese noue verhouding tot die grond en water ontleen inheemse gemeenskappe sekere regte aan internasionale wetgewing ten einde hul identiteit en kultuur te beveilig. Om hul waardes, manier van lewe en verbintenis met die grond te beskerm, is 'n internasionale regulatoriese raamwerk opgestel, wat regte aan inheemse volke voorskryf. Dit is nie bykomende of spesiale regte nie, maar dit handel eerder daaroor dat inheemse volke histories ernstig uitgeskuif en teen gediskrimineer is, wat die verlies van hul voorouerlike grond insluit. Hierdie regte is veronderstel om historiese onregverdighede reg te stel sodat inheemse volke toegang kan kry tot *dieselfde* regte as hul landgenote en dit geniet.

Regte wat deur die VNVRIV aangespreek word, sluit in individuele en gesamentlike regte, kulturele regte en identiteit, regte op onderwys, gesondheid en taal. Inheemse volke het die reg tot selfbeskikking, 'n belangrike fundamentele reg, wat erken dat alle mense gelyk is en geregtig is daarop om hul lewe en hul toekoms te beheer. Dit is 'n individuele en gesamentlike reg.

Die VNVRIV bevorder die volledige en doeltreffende deelname van inheemse volke

aan alle kwessies wat hulle aangaan – en dit sal navorsing insluit wat binne hul lande/gebiede plaasvind. Dit sluit hul gemeenskapslede in as mense met wie onderhoude gevoer word. 'n Aantal artikels in die VNVRIV erken die beginsel van vrye, voorafgaande en ingeligte toestemming (VVIT), insluitend ten opsigte van die verwydering van intellektuele en geestelike eiendom (artikel 11), en enige projekte wat inheemse grond en hulpbronne raak (artikel 32).

### Vrye, voorafgaande en ingeligte toestemming

VVIT is fundamenteel belangrik vir die beskerming van die regte van inheemse volke. Dit is veronderstel om twee ander oorkoepelende regte van inheemse volke aan te vul: die reg tot selfbeskikking en die reg tot deelname. Hierdie beginsel stel inheemse gemeenskappe in staat om die uitkoms te bepaal van besluitneming en navorsing wat hulle raak. Die diagram hieronder beskryf die vier kernelemente van VVIT en wat dit behels

#### Vry

*Vry van intimidasie, dwang of druk deur enigiemand (regering, universiteit, navorser, NRO, ens.)*

#### Voorafgaande

*Toestemming moet verkry word voordat enige projek/navorsing kan begin. Gemeenskap moet tyd kry om die voorstel te oorweeg.*

### VVIT

#### Ingelig

*Die inligting moet die aard, omvang, duur en rede vir die voorgestelde projek/aktiwiteit beskryf, asook die maatskaplike en ekonomiese uitwerkings en mense betrokke.*

#### Toestemming

*Gemeenskappe het die reg om ja of nee te sê, sodra hulle die voorstel begryp. Besluitneming en verteenwoordiging is die gemeenskap se eie keuse.*



## Inheemse volke se intellektuele eiendomsregte

Soos hierbo bespreek is die hoofstroombenaderings tot IVR'e op individuele regte en ekonomiese aspekte van kultuur gebaseer, maar inheemse volke is geneig om die holistiese en gesamentlike opvatting van hul kultuur te beklemtoon (wat in elemente soos IK, taal, geestelikheid, gewoontes en rituele uitdrukking vind). Inheemse volke wil aanspraak maak op eienaarskap en beheer oor hul IK tot in ewigheid, maar hoofstroom-IV-wetgewing maak dit nie moontlik nie omdat die meeste IVR'e, waaronder kopieregte en patente, toegestaan word vir slegs 'n beperkte tydperk, waarna die "werke" in die openbare domein kom. Ingevolge die VNVRIV word inheemse volke se intellektuele eiendom deel van die meer algemene menseregte-raamwerk. Artikel 31 stel dit uitdruklik:



Foto: Mnr. Jacobus Petrus Obies

“

*[i]nheemse mense het die reg om hul kulturele erfenis, tradisionele kennis en tradisionele kulturele uitdrukkings in stand te hou, te beheer, beskerm en te ontwikkel, asook die manifestasies van hul wetenskappe, tegnologieë en kulture, waaronder menslike en genetiese hulpbronne, sade, medisynes, kennis van die eienskappe van fauna en flora, mondelinge tradisies, literatuur, ontwerpe, sporte en tradisionele speletjies en visuele en uitvoerende kunste. Hulle het ook die reg om hul intellektuele besitreg oor sodanige kulturele erfenis, tradisionele kennis en tradisionele uitdrukkings te bewaar, beheer, beskerm en te ontwikkel.*

”



## Sommige regte wat inheemse volke in die konteks van akademiese navorsing kan benut <sup>9</sup>



**Die reg tot selfbeskikking (artikel 3) stel inheemse volke in staat om toegang tot en gebruik van hul IK toe te laat of te weier omdat dit die ontwikkeling van hul kultuur en identiteit kan raak.**



**Die reg om deel te neem aan besluitneming in sake wat hul regte kan raak (artikel 18).**



**Die reg om hul tradisionele kennis in stand te hou, beheer, beskerm en te ontwikkel, asook die manifestasies van hul wetenskappe, tegnologieë en kulture, waaronder genetiese hulpbronne, sade, medisynes en kennis van eienskappe van fauna en flora (artikel 31).**



**Die reg om hul intellektuele besitreg oor sulke tradisionele kennis vol te hou, beheer, beskerm en te ontwikkel (artikel 31).**

Binnelands spreek die Handves van Menseregte in die Suid-Afrikaanse Grondwet 'n aantal regte uit wat van groot belang vir inheemse volke is. Dit sluit in:

- 'n reg op die omgewing (artikel 24);
- 'n reg op taal en kultuur (artikel 30);
- 'n reg om te behoort tot en praktiseer as 'n lid van 'n kultuurgemeenskap (artikel 32); en
- prosedurele regte, soos regte van toegang tot inligting (artikel 32) en reg van toegang tot howe (artikel 34).

Boonop verskaf die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteit nommer 10

van 2004 (WNOB) wel sekere beskerming aan inheemse kennis ingevolge voorwaardes in verband met bioprospektering. Bioprospektering hou egter net verband met navorsing oor inheemse biologiese hulpbronne vir kommersiële of industriële ontginning, en dit dek daarom nie suiwer akademiese navorsing nie.

Laastens bepaal die IK-artikel dat alle navorsing, of dit nou kommersieel of niekomsersieel is, voorafgaande ingeligte toestemming benodig, wat in ooreenstemming is met die Nagoya-protokol (KBD), wat soos vroeër genoem Suid-Afrika in 2013 bekragtig het.

<sup>9</sup> Bron: VNVRIV.



# AKADEMIESE NAVORSINGSPROSESSE

Hierdie artikel verskaf 'n algemene oorsig oor akademiese navorsingsprosesse en spreek die belangrikheid van etiek aan.

## Navorsingsetiek

**N**avorsingsetiek en -beginsels is ontwikkel om te verseker dat die regte en welsyn van menslike proefpersone wat aan navorsing deelneem, beskerm word. Navorsingsetiekprosedures wissel tussen lande, instellings en akademiese vakrigtings. Beginsels kan insluit respek, beskerming van proefpersone, voordeligheid (streef daarna om geen skade te doen nie en voordele te maksimaliseer), regverdigheid (die billike deel van navorsingslaste en -voordele), deursigtigheid, toerekenbaarheid en professionalisme.

Die beginsel van respek erken die outonomie

van proefpersone om besluite te neem oor wat met hulle sal gebeur en wat nie. Ter bevordering van hierdie beginsel moet navorsers moontlike proefpersone voorsien van "ingeligte toestemmingdokumente" wat die volgende insluit:

- voldoende inligting sodat die moontlike proefpersoon vir deelname of daarteen kan besluit;
- dat die inligting wat voorsien word, verstaanbaar is en volkome verstaan en begryp kan word; en
- deelname moet vrywillig wees.

## Vereistes vir navorsingsetiek van universiteite

**U**niversiteite behoort navorsingsbeleide en -prosesse aangaande navorsing met menslike proefpersone te hê, wat van navorsers vereis om etiese goedkeuring te verkry **voordat** die navorsing gedoen kan word. Elke akademiese afdeling of fakulteit het moontlik hul eie Navorsingsetiekkomitee (NEK), wat van elke unieke navorsingsprojek vereis om etiese klaring te verkry. Navorsers moet die etiese kwessies betrokke in hul navorsing met die NEK bespreek, asook die maatreëls wat hulle sal tref om moontlike negatiewe uitwerkings uit te stryk. Etiese goedkeuring word gewoonlik vir 'n jaartydperk toegestaan, wat hernu kan word indien weer aansoek gedoen word. Indien navorsers 'n gemeenskap nader, behoort 'n verteenwoordiger van die gemeenskap te vra om afdrukke van die NEK-aansoek en die goedkeuringsvorm te sien, en moet verseker dat dit op datum is.

Indien 'n universiteit waaraan 'n navorser verbonde is nie hul eie etiese prosedures het nie, of indien 'n navorser onafhanklik is en nie verbonde is aan 'n akademiese instelling nie, dan kan gemeenskappe die navorser vra om hul voorstelle by die Raad op Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) vir goedkeuring in te dien. Die RGN is Suid-Afrika se statutêre navorsingsagentskap wat op die sosiale wetenskappe en geesteswetenskappe fokus. Die RGN se kode van navorsingsetiek verskaf riglyne om te verseker dat navorsers die regte en waardigheid van deelnemers respekteer.

Ondanks vele positiewe aspekte van akademiese navorsingsetiekprosedures is dit gestandaardiseerde raamwerke en riglyne wat deur eksterne instellings opgestel is; dus kan daar nie van hulle verwag word om die unieke behoeftes van inheemse gemeenskappe aan te spreek wat by navorsingsprosesse betrokke is nie.



# ASSESSERING VAN MOONTLIKE RISIKO'S EN VOORDELE VAN NAVORSING

Indien die beginsels van VVIT nagekom word, behoort gemeenskappe in 'n posisie te wees om 'n ingeligte besluit te neem oor die moontlike risiko's en voordele van enige voorgestelde navorsing. In hierdie artikel ondersoek ons sommige risiko's op gemeenskapsvlak ten opsigte van die deel van IK en ook die voordele van betrokkenheid by navorsing.

## Moontlike risiko's vir die gemeenskap

Sommige moontlike risiko's van die deel van IK sluit die volgende in:

- Dokumentering van IK maak dit meer sigbaar vir die algemene publiek en daarom meer kwesbaar vir misbruik of wanaanwending;
- Vertroulike inligting wat as geheim of heilig bewaar word, kan vir die publiek beskikbaar word;
- Die Wetsontwerp op Inheemse Kennis is net van toepassing op en beskerm net *wat ingevolge die wet geregistreer is*;
- Daar kan nienakoming van betrokke wette en beleide wees, en/of dat hierdie wette en beleide moontlik nie afgedwing word nie;
- Wanneer navorsing aangaande IK gepubliseer word, kan sodanige publikasie as 'n openbaarmaking beskou word, wat kan verhinder dat die IK in 'n later stadium gepatenteer kan word, as dit van toepassing is;
- Daar is minder beskermings vir gemeenskappe onder akademiese navorsing as onder kommersiële navorsing. Hoewel daar goeie redes is vir die onderskeid tussen kommersiële en akademiese navorsing, word dit besonder problematies in gevalle waar akademiese navorsing inligting aangaande IK publiseer en kommersiële spelers dan toegang tot hierdie inligting kry en dit gebruik (byvoorbeeld om 'n produk te vervaardig). Dit staan bekend as "afgeleide werk" en is 'n sekondêre gebruik van die inligting.
- Baie gemeenskappe meen hul IK word gesamentlik gehou, terwyl etiese toestemmingsvereistes van universiteite in die algemeen op die vlak van die individuele mens is met wie onderhoude gevoer word. Daarom bestaan die risiko dat individue IK sonder 'n gesamentlike toestemmingsproses sal deel.







## Moontlike voordele vir die gemeenskap

**A**kademiese navorsing behoort voordele op te lewer. Dikwels is die verklaarde voordele dat die samelewing in die geheel deur die produksie van nuwe kennis bevoordeel sal word. Die situasie van inheemse volke en navorsing is egter uniek. Suid-Afrika se konsepbeleid oor etiese navorsing van inheemse kennisstelsels wys in die inleiding daarop dat "... inheemse kennis toenemend belangrik geword het in navorsing, terwyl plaaslike gemeenskappe terselfdertyd toenemend uitgeskuif geraak het ..." en beklemtoon dat "... navorsingsprojekte ontwerp behoort te word op 'n manier wat gemeenskappe kultureel, maatskaplik en ekonomies laat baat vind". Die beleid stel dit inderdaad in die begeleidende beginsels soos volg:

“

*Beginsel van onmiddellike risiko's en voordele vir die gemeenskap*

*Hierdie beginsel erken dat die navorsing tot die onmiddellike voordeel van die gemeenskap is, en dat risiko's met die navorsing gepaardgaan. Die risiko behoort minder beduidend te wees as die voordele wat behaal kan word.*

”

Wanneer verteenwoordigers van die gemeenskap by potensiële navorsers betrokke raak, behoort hulle daarom te let op hoe die gemeenskap kan

baat vind en met die navorsers en/of universiteite onderhandel om te verseker dat dit die geval is. In gesprekke met Nama- en Griekwa-leiers en die -jeug oor die kwessie van voordele het hulle die volgende spesifieke aanbevelings verstrek:

- Ontwikkel en deel hulpbrongidse wat verteenwoordigers van die gemeenskap inlig oor betrokke wetgewing en beleide sodat hulle ingeligte besluite kan neem oor hoe hulle betrokke raak by navorsers en hul kennis deel;
- Beplan en ontwerp die navorsing by die aanvang van die projek saam met verteenwoordigers van die gemeenskap, en sluit kwessies van gemeenskapsbelang in;
- Beplan en ontwerp opleiding en opvoedkundige geleenthede by die aanvang van die projek saam met die inheemse jeug in die gemeenskap, en sluit kwessies van belang vir die inheemse jeug in;
- Sluit inheemse medenavorsers in by alle stadiums van die navorsing;
- Verskaf navorsingsinligting en -bevindings in toeganklike formate/tale wat met die gemeenskap gedeel moet word; en
- Vereis van akademiese instellings dat hulle geleenthede vir akademiese studies en beursmoontlikhede aan inheemse volke en die inheemse jeug voorsien.

**Ter opsomming: Wanneer hulle by navorsing betrokke raak, moet die voordele vir die gemeenskap altyd meer as die risiko's wees.**





# BEDINGING VAN MAATSKAPLIK REGVERDIGE NAVORSINGSPROSESSE

Inheemse gemeenskappe en hul bondgenote ontwikkel instrumente wat deur inheemse volke en plaaslike gemeenskappe gebruik kan word om beter by potensiële navorsers en hul instellings betrokke te raak, en om te onderhandel of en hoe gemeenskappe instem om by navorsingsprosesse betrokke te raak.

## Etiese riglyne vir navorsing

**T**en einde indringende en soms uitbuitende navorsing in inheemse gemeenskappe teen te werk, kan inheemse volke en plaaslike gemeenskappe hul eie etiese riglyne vir eksterne navorsers opstel. Onlangs het die Suid-Afrikaanse

San-instituut (SASI) hul eie “etiese kode vir navorsers” opgestel wat vier pilare uiteensit waarby navorsers hulle moet hou: respek, eerlikheid, regverdigheid en sorg.

## Gemeenskapsprotokols

**G**emeenskapsprotokols is handveste van reëls en verantwoordelikhede waarin gemeenskappe hul gewoontereg ten opsigte van natuurlike hulpbronne en grond uiteensit, soos wat dit in tradisionele, nasionale en internasionale wetgewing erken word. In Suid-Afrika het die Kukula- Tradisionele Gesondheidspraktisynsvereniging hul eie

gemeenskapsprotokol opgestel wat die gebruik van die genesers se kennis bestuur. Lede het ingestem om hul kennis saam te voeg en het ’n verteenwoordigende liggaam geskep om hul belange te bestuur, om te onderhandel of en hoe die lede hul kennis sal deel, en om te verseker dat die deel volgens voorwaardes is wat die lede bevoordeel.

## Gemeenskapsnavorsingkontrakte

**H**istories is kontrakte gebruik om wedersydse vorms van uitruiling tussen individue of groepe te reguleer, en kontrakte kan ook gebruik word om navorsing te reguleer. Sommige inheemse groepe het verkies om met raadgevers te werk en hulle op te spoor om hulle te help om hul eie “gemeenskapsnavorsingkontrakte” op te stel. Hierdie kontrakte kan die verpligtinge en verantwoordelikhede onder navorsers en inheemse groepe omskryf, en kan maniere uitstippel om saam te werk in die gees van samewerking, verantwoordelikheid, verantwoordbaarheid, respek en wederkerigheid. Gemeenskapsnavorsingkontrakte behoort byvoorbeeld besonderhede van die voorgestelde navorsing in te sluit, asook moontlike risiko’s vir die gemeenskap, verwagte voordele, voorwaardes vir die insameling, gebruik, behoud en bekendmaking van inligting, inligting aangaande publikasies, vaste beloftes van die navorsers en die gemeenskappe, en kwessies wat verband hou met eienaarskap en enige intellektuele eiendomsregte wat die IK betref en van enige werke wat as gevolg van die navorsing geskep word. Inheemse volke en plaaslike gemeenskappe kan ook voorwaardes beding om te verseker dat navorsers hul tradisionele prosedures,

kultuur en waardigheid respekteer; net sekere inligting met voorafgaande geskrewe toestemming bekend maak; en om nie enige feite of uitbeeldings te publiseer wat skadelik vir inheemse volke en plaaslike gemeenskappe kan wees nie.

Waarom behoort gemeenskappe sulke kontrakte met navorsers op te stel? Kontrakte verbind albei partye om hulle by die inhoud te hou, en dit kan gebruik word om universiteite aanspreeklik en verantwoordbaar te hou vir hul fakulteitsnavorsers. Dit is ook ’n tegniek om normatiewe navorsingspraktyke te weier. Kontrakte kan nuttig wees veral wanneer navorsers of hul instellings van buite Suid-Afrika kom, omdat dit kan verklaar dat Suid-Afrikaanse wetgewing van toepassing sal wees. Tans is die Wetsontwerp op Inheemse Kennis nog nie as wetgewing in Suid-Afrika aanvaar nie, en daarom bied kontrakte ’n kernstrategie om inheemse kennisregte af te dwing. Kontrakte is egter geen wondermiddel nie omdat dit waarskynlik nie werklik ongelyke magsverhoudings tussen die navorsers en proefpersone sal afbreek nie, en dit kan ingewikkelde regsdokumente wees wat spesialiste vereis.

## Monitering van navorsingsprosesse en oppering van bekommernisse

**N**ama- en Griekwa-leiers en die jeug het dit ook beklemtoon dat individuele navorsers kontakbesonderhede van institusionele verteenwoordigers van universiteite aan gemeenskappe behoort te verskaf wat hulle kan kontak as hulle enige bekommernisse oor die navorsing het. Dit kan byvoorbeeld die administrateur van die navorsingsetiekkomitee of

die kantoor vir menslike proefpersone of iemand soortgelyk wees. Inheemse volke en/of plaaslike gemeenskappe wil dalk die navorsingsproses monitor om te verseker dat die navorsing vorder soos wat ooreengekom is. Bekommernisse behoort by individuele navorsers en/of navorsingsinstellings geopper te word.



# OPSOMMING

Hierdie gids het die kwessie van ekstern-geleide akademiese navorsingsprosesse met inheemse volke bekend gestel. Die gids het getoon dat inheemse volke wêreldwyd bekommernisse geopper het ten opsigte van hoe navorsing ontwerp, in werking gestel en gedeel word. Om vroeëre negatiewe impakte teen te werk, het sommige gemeenskappe hul eie etiese beginsels, protokols en ooreenkomste opgestel. Regerings en belanghebbendes het inderdaad geworstel met hoe om IK die beste te beskerm, en internasionale wetlike instrumente soos die VNVRIV en die KBD is opgestel, wat begeleidende beginsels soos VVIT en TVD bevat. Die gids het vervolgens ingezoom op die huidige situasie in Suid-Afrika, en ondersoek hoe die regering internasionale norme en verpligtinge in hul eie nasionale raamwerke opneem. Die verskillende benaderings van die DHN en DWT is vergelyk, en die onlangse IK-wetsontwerp is beklemtoon, wat unieke beskerming aan IK wil verleen en voorsiening maak vir gesamentlike besit. Die Suid-Afrikaanse regering het reeds begin om met die NIKS en die NRS die infrastruktuur vir die inwerkingstelling van die IK-wetsontwerp te vestig. Die gids het dus kortliks uiteengesit hoe laasgenoemde in die praktyk sal werk. Hoe die verskillende wetlike instrumente inheemse regte ondersteun is ondersoek, gevolg deur 'n akademiese navorsingsartikel, waarin etiese beginsels bekend gestel en algemene universiteitsvereistes in breë trekke beskryf is. 'n Artikel oor moontlike risiko's en voordele voorsien 'n paar idees en beklemtoon dat voordele altyd swaarder as risiko's behoort te weeg. Laastens is 'n paar innoverende instrumente bekendgestel, soos etiese riglyne, gemeenskapsprotokols en gemeenskapsnavorsingkontrakte wat tans deur inheemse gemeenskappe gebruik word om hul regte te laat geld.

Soos wat beklemtoon is aan die begin van die gids is navorsing met inheemse volke 'n sensitiewe en ingewikkelde kwessie, en elke gemeenskap is uniek en navorsingsprosesse verskil. Ons hoop hierdie gids het nuttige inligting voorsien wat gemeenskappe kan inspan om hul gesamentlike besprekings ten opsigte van akademiese navorsingsprosesse te ondersteun en om meer maatskaplik regverdigte uitkomst in die toekoms te beding.

# BRONNE

Vir meer inligting oor die Verenigde Nasies se verklaring oor die regte van inheemse volke, besoek <https://www.un.org/development/desa/indigenouspeoples/declaration-on-the-rights-of-indigenous-peoples.html>

Leer meer oor wat intellektuele eiendom is. Bekyk <http://www.wipo.int/about-ip/en/>

Vir meer inligting oor die Konvensie oor Biologiese Diversiteit, besoek <https://www.cbd.int/convention/>

Raak betrokke by die "platform van plaaslike gemeenskappe en inheemse volke" van die VNKKV. Lees meer by <http://unfccc.int/adaptation/items/10475.php>

Let op die Wetsontwerp op die Beskerming, Bevordering, Ontwikkeling en Bestuur van Inheemse Kennis wat 'n wet word by <https://pmg.org.za/bill/635/>

Lees die Raad op Geesteswetenskaplike Navorsing se etiese kode by <http://www.hsrc.ac.za/en/about/research-ethics/code-of-research-ethics>

Verken Natural Justice se e-studiemodules oor kern- internasionale raamwerke in die konteks van gemeenskapsregte by <http://naturaljustice.org/e-learning-modules/> en vind meer uit oor gemeenskapsprotokols by <http://naturaljustice.org/community-protocols/> en <http://www.community-protocols.org/>

SASI 'etiese kode vir navorsers' is beskikbaar by <http://trust-project.eu/wp-content/uploads/2017/03/San-Code-of-RESEARCH-Ethics-Booklet-final.pdf>





